

BRIEWE AAN BEELD
deur CHRISTEN DEMOKRATIES PARTY (CDP)

13 JULIE 2013

Pieter Groenewalt van die VV+ het baie tyd in beslag geneem om die statistiek uiteen te sit van die gevolge van 'n weg bly stem. Alhoewel wat hy sê meriete het in 'n veel party politieke stelsel soos die in Suid Afrika, is dit nie 'n genoegsame antwoord op waarom soveel kiesers wegbly op stem dag. Ek stel voor dat mense nie stem omdat hulle voel dat daar nie 'n geloofwaardige alternatief bestaan vir die sosialisme en die liberalisme wat huidiglik die politieke omgewing oorheers nie.

Dit is tyd dat die konserwatiewe Christen Demokrate begin besef dat hulle hul persoonlike politieke ambisies op sy moet sit, en beding vir samewerking onder enersdenkende politieke partye en organisasies.

Kom Pieter en andere laat ons saam besin oor die toekoms van ons land, en doen wat nodig is om dié toekoms te verseker.

Rev Dr Theunis Botha (Leier Christen Demokratiese Party)

17 JULIE 2013

Dit will voorkom asof Pieter Groenewald nie mooi begryp hoe die demokrasie in Suid Afrika besig is om te ontvou nie. Of het ek dit mis?

Om samewerking te sien in die konteks van Potchefstroom, waar hy sê dat die VV+ met die DA saamgewerk het om die ANC uit die kussings te lig is 'n baie kortsigtige benading. Natuurlik is die soort samewerking nodig, maar eintlik lei dit maar net daartoe dat die VV+ sy kernwaardes moet prys gee vir die van die DA, aangesien hulle daarvoor sal sorg dat hulle waardestelsel die enigste sal wees wat gepropageer sal word. Buiten dit kan jy nie plaaslikebestuur met Provinsiale of Nasionale regering vergelyk nie.

Die politiek in Suid Afrika is vinnig besig om te ontaard in 'n twee party stelsel. Met die sosialisme aan die een kant en die liberalisme aan die ander. Wat het geword van die meer konserwatiewe Christen Demokratiese benadering? Verdeeldheid in die geledere het daarvoor gesorg dat die stem al hoe stiller geraak het. Christo Landman het dit raak gevat toe hy gesê het dat dit in die lig van die onderlinge verdeling is dat die groter partye hul wêreldbeskouings bevorder en die kleiner partye meer en meer aan die agter speen begin suig.

Aansluitende samewerking onder enersdenkendes met behoud van identiteit, strukture en unieke etos maar onder een vaandel, bly maar nog die oplossing vir ons pragtige land. Kom nou Pieter. Kom ons gesels.

Rev Dr Theunis Botha (Leier Christen Demokratiese Party)